Wanneer Jesus Weer Kom

Die aand voordat ‘n man op ‘n lang reis gegaan het, het hy na sy vyfjarige seuntjie se kamer gegaan om vir hom nag te sê en hom daaraan te herinner dat hy nie die volgende oggend daar sou wees wanneer die seuntjie sou wakker word nie. Die klein seuntjie was bekommerd. Hy het gevra, “Pappa, hoe kan ek weet wanneer jy gaan terugkom?”

Die vader het vir ‘n oomblik nagedink en toe gesê, “Wanneer jy sien hoe die blare aan die bome op die grond val, kan jy weet dat ek binnekort gaan kom.”

In die weke wat gevolg het, was die eerste ding wat die seuntjie elke oggend gedoen het wanneer hy na buite gegaan het om te speel, om na die bome te kyk. Uiteindelik, een herfsnag was daar ‘n sterk windstorm, en die volgende oggend toe die outjie buitentoe gegaan het, was die grond oortrek met blare. Baie opgewonde het hy deur die gevalle blare gehardloop en uitgeroep, “Pappa gaan terugkom! Pappa gaan terugkom!”

Kort voordat Jesus hierdie aarde verlaat het, hy Hy Sy dissipels verseker, “Ek sal terugkom en julle saam met My neem.”[1] Vir tweeduisend jaar het Christene aan hierdie belofte vasgehou.

Wanneer Jesus sal kom

Net soos die klein seuntjie in die verhaal, wonder baie Christene, Wanneer sal Jesus kom? Sommige het verwag dat Hy sou kom op die tyd toe die kalender van die 1900’s na die jaar 2000 oorgeslaan het. U weet natuurlik dat Hy nie toe gekom het nie. Jesus het inderwaarheid gesê dat niemand behalwe God die dag of die uur weet nie.[2]

Jesus het ons egter ‘n hele paar tekens gegee waaraan ons kan weet dat Sy koms naby is. Hier is een: “Hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.”[3]

Ons as mense sal natuurlik nooit weet wanneer elke mens op die aarde die kans gehad het om die goeie nuus oor Jesus te hoor en Sy aanbod van ewige lewe aan almal wat in Hom glo nie. Een punt is egter baie duidelik – dit is vandag makliker as wat dit in enige ander tyd in die menslike geskiedenis was om die goeie nuus met elke mens te deel. Dink daaraan: TV, radio, boeke, tydskrifte, en koerante – en nou die Internet en die Wêreldwye Web! Wanneer die omstandighede reg is, kan die hele wêreld die evangelie oornag hoor!

Die Bybel sê ook dat kort voor Jesus gaan terugkeer, sal die wêreld baie verwonderd wees

oor spiritualisme en kommunikasie met duiwelse geeste.[4] En vandag sien ons ‘n snelle opbou in “New-Age” kanalisering en ander vorms van sogenaamde kommunikasie met die dooies. Hierdie is ook ‘n teken van Jesus se spoedige koms.

Hoe Jesus sal kom

Hoe sal Jesus dus kom? Hy het Self vir ons gesê dat Hy met die wolke gaan kom en dat Sy engele saam met Hom gaan kom.[5] Toe Jesus met ‘n wolk teruggegaan het hemel toe, het twee engele aan Sy dissipels gesê dat Hy op dieselfde manier sou terugkom as wat Hy weggegaan het.[6] En in Openbaring het Johannes geskryf, “Kyk, Hy kom met die wolke.”[7]

Ons weet dat die manier waarop Jesus gaan kom belangrik is, omdat Hy gesê het dat bedrieërs op verskillende plekke op die aarde sal verskyn en daarop aanspraak sal maak dat dit Hy is. Hy het gewaarsku, “As iemand dán vir julle sê: Kyk ... Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer – moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.”[8]

Jesus se wederkoms sal nie ‘n geheimsinnige gebeurtenis wees nie. Nie slegs sal dit

HOE U GEREED KAN WEES

Jesus het eenkeer gesê, “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemel nie.”* Wat moet ons dus doen om gereed te wees vir Jesus se koms? Twee dinge.

Eerstens, ons moet die verkeerde dinge in ons lewens erken en dit regmaak. Indien ons iemand anders leed aangedoen het, moet ons dit regmaak. En terwyl God nie van ons vereis dat ons al ons slegte gewoontes moet oorwin voordat Hy ons sal aanvaar nie, wil Hy hê dat ons dit moet erken en onsself daarop moet instel om dit te oorwin. Die Bybel noem dit “bekering” en “belydenis.”

Tweedens, moet ons Christus se dood op die kruis vir ons sondes aanvaar en vir Hom vra om daardie sondes te vergewe.

Wanneer ons aan hierdie vereistes voldoen het, doen God twee dinge vir ons. Eerstens, Hy vergewe ons, en tweedens, Hy verander ons gedagtes en emosies sodat ons die verkeerde dinge wat ons eens liefgehad het nou haat en die goeie dinge wat ons gehaat het, nou liefhet. Christus noem hierdie die “wedergeboorte.”

Nou is ons gereed vir Jesus om te kom!

_____

*Mattheus 7:21

sigbaar wees deur die hele lug nie; dit sal ook met ‘n trompetgeluid aangekondig word wat baie harder en mooier is as enigiets wat die menslike oor nog ooit gehoor het. En almal wat gesterf het en in Jesus geglo het, sal weer opgewek word.[9]

Hier is dus ‘n paar identifiserende tekens van Jesus se koms: Sy koms met die wolke, ‘n harde trompetgeskal uit die hemel, en die opstanding van God se volk van alle eeue. Enige sogenaamde “wederkoms” wat nie hierdie tekens het nie, is ‘n namaaksel.

Die hoop van Jesus se koms

Is dit werklik belangrik dat ons moet weet dat Jesus weer gaan kom?

Absoluut. Word u moeg vir pyn en lyding en siekte en dood? God beloof dat in die nuwe tuiste wat Jesus vir ons voorberei “God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.”[10]

Wanneer Jesus kom, sal u vriende en geliefdes wat gelowiges was en sedertdien gesterf het, weer opgewek word. Hulle sal by God se volk wat nog op die aarde leef, aansluit, “en so sal ons altyd by die Here wees.”[11] Dit is dus geen wonder dat die Bybel ons uitnooi nie

“Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.”[12]

Wil u graag gereed wees om Jesus te ontmoet wanneer Hy kom? Al wat u moet doen, is om uself aan Hom te gee. U kan dit op hierdie oomblik doen!

_____

1 Joh. 14:3.
2 Mattheus 24:36.
3 Mattheus 24:14.
4 2 Thessalonicense 2:9,10; Openbaring 16:12-14.
5 Mattheus 24:30,31.
6 Handelinge 1:9-11.
7 Openbaring 1:7.
8 Mattheus 24:23, 26,27.
9 1 Thessalonicense 4:16; 1 Korinthiërs 15:52.
10 Openbaring 21:4.
11 1 Thessalonicense 4:16-17.
12 1 Thessalonicense 4:18.

Oor Hierdie Sakgrootte Tekens

Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie Sakgrootte Tekens artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Persoonlike Bedieninge
Posbus 75700
Bedford Gardens
2047

of skakel ons by
(011) 616-6800

TEKENS

VAN DIE TYE

WANNEER JESUS WEER KOM